



# education

---

Department:  
Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**GESKIEDENIS V1**

**NOVEMBER 2009**

**MEMORANDUM**

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 31 bladsye.**

**1. BRONGEBASEERDE VRAE****1.1 Die volgende Leeruitkomste en Assesseringstandaarde sal in hierdie vraestel geassesseer word:**

<b>LEERUITKOMSTE</b>	<b>ASSESSERINGSTANDAARDE</b> <b>Leerders kan die volgende doen:</b>
<b>Leeruitkoms 1</b>  <b>(Gesiedkundige ondersoek)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Formuleer vrae om begrippe vir ondersoek binne die konteks van dit wat bestudeer word, te ontleed. <b>(Nie vir eksamendoeleindes nie.)</b></li> <li>2. Verkry toegang tot 'n verskeidenheid toepaslike inligtingsbronne om ondersoek te doen. <b>(Nie vir eksamendoeleindes nie.)</b></li> <li>3. Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.</li> <li>4. Bestudeer inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inbegrip van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.</li> </ol>
<b>Leeruitkoms 2</b>  <b>(Gesiedkundige begrippe)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Ontleed gesiedkundige begrippe as maatskaplike boustene.</li> <li>2. Ondersoek en verduidelik die dinamika van veranderende magsverhoudinge binne die samelewings wat bestudeer word.</li> <li>3. Vergelyk en kontrasteer die interpretasies en sieninge van gebeure, mense se optrede en veranderings om sodoende onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> </ol>
<b>Leeruitkoms 3</b>  <b>(Vertolking van kennis en kommunikasie)</b>	<ol style="list-style-type: none"> <li>1. Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistiek omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.</li> <li>2. Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument saam te stel met behulp van bewyse uit bronne om die argument te steun.</li> <li>3. Handhaaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met behulp van getuienis wat verskaf word en onafhanklik verkry word.</li> <li>4. Dra kennis en begrip op verskillende maniere oor, insluitend besprekings (geskrewe en mondelings) debat, skep van 'n historiese skryfstuk deur die gebruik van verskillende genres, navorsingsopdragte, visuele voorstellings en mondelinge aanbiedings.</li> </ol>

## 1.2 Die volgende vlakke vrae word gebruik om brongebaseerde vrae te assesseer:

<b>VLAKKE VAN BRONGEBASEERDE VRAE</b>	
<b>VLAK 1 (V1)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onttrek toepaslike inligting en data uit die bronne.</li> <li>• Organiseer die inligting logies.</li> <li>• Verduidelik geskiedkundige begrippe.</li> </ul>
<b>VLAK 2 (V2)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Kategoriseer geskikte of toepaslike inligtingsbronne wat verskaf word om die vrae wat geopper word, te beantwoord.</li> <li>• Ontleed die inligting en data wat uit 'n verskeidenheid bronne versamel is.</li> <li>• Evalueer die inligtingsbronne wat verskaf word om te besluit of die bronne geskik is vir die taak.</li> </ul>
<b>VLAK 3 (V3)</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Interpreteer en evalueer inligting en data uit die bronne.</li> <li>• Ondersoek inligtingsbronne en evalueer die nut van die bronne vir die taak, met inagneming van stereotipes, subjektiwiteit en gapings in die beskikbare getuienis.</li> <li>• Ontleed geskiedkundige voorstellings as maatskaplike konstruksies.</li> <li>• Ondersoek en verduidelik die dinamiek van veranderende magsverhoudings binne die aspekte van samelewings wat bestudeer word.</li> <li>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en sienings van mense se optrede of gebeure en veranderings om onafhanklike gevolgtrekkings te maak oor die optrede of gebeure.</li> <li>• Identifiseer wanneer 'n interpretasie van statistieke dalk omstrede kan wees en ondersoek die gevolgtrekkings wat uit die data blyk krities.</li> </ul>

## 1.3 Die volgende tabel dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:

<ul style="list-style-type: none"> <li>• By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.</li> <li>• By die toekenning van punte moet aandag gegee word in hoe 'n mate daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.</li> <li>• By die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.</li> </ul>
--

## 2. UITGEBREIDE SKRYFWERK

### 2.1 Die uitgebreide skryfwerk fokus op een van die volgende vlakke:

<b>VLAK VAN VRAAG</b>
<p><b><u>Vlak 1</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Bespreek of beskryf volgens 'n gegewe argument wat in die uitgebreide skryfwerk-vraag uiteengesit word.</li> <li>Beplan en konstrueer 'n argument op grond van getuienis en gebruik die getuienis om 'n slotsom te bereik.</li> </ul>
<p><b><u>Vlak 2</u></b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Voeg inligting saam om 'n oorspronklike argument te bou en gebruik getuienis om die argument te steun.</li> <li>Staaf en verdedig 'n samehangende en gebalanseerde argument met getuienis.</li> <li>Skryf duidelik en samehangend wanneer jy die argument saamstel.</li> </ul>

### 2.2 Nasien van uitgebreide skryfwerk

- NASIENERS MOET DAAROP LET DAT DIE INHOUD VAN DIE ANTWOORD GELEI SAL WORD DEUR DIE HANDBOEKE WAT BY 'N SPESIFIEKE SENTRUM GEBRUIK IS.**
- KANDIDATE MAG ENIGE ANDER TOEPASLIKE INLEIDING EN/OF SAMEVATTING HÊ AS DIT WAT INGESLUIT IS BY 'N RIGLYN VIR NASIEN VAN 'N SPESIFIEKE OPSTEL.**
- BY DIE ASSESSERING VAN DIE OPE-END BRONGERIGTE VRAE MOET KANDIDATE KREDIET KRY VIR ENIGE ANDER RELEVANTE ANTWOORD.**

### Globale assessering van uitgebreide skryfwerk

Die uitgebreide skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die opvoeder die totale produk as 'n geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om 'n individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om 'n argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs “feite” neer te skryf om 'n hoë punt te behaal nie. Dit sal leerders ook ontmoedig om “modelantwoorde” voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet vir leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik geenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van 'n argument
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

**Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.
2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.
3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie
- Verkeerde stelling
- Irrelevante stelling
- Herhaling
- Analise
- Interpretasie



4. Die matriks  
4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 6)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 6, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snytpunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

I	VLAK 4	

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

I	VLAK 4	
A	VLAK 5	

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

I	VLAK 4	} 18-19
A	VLAK 5	

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 7)**

Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

I en A	VLAK 5	18 - 20
--------	--------	---------

**GRAAD 12 ANALITIESE MATRIKS VIR UITGEBREIDE SKRYFWERK: PUNTETOTAAL: 30**

	<b>VLAK 7</b>	<b>VLAK 6</b>	<b>VLAK 5</b>	<b>VLAK 4</b>	<b>VLAK 3</b>	<b>VLAK 2</b>	<b>VLAK 1</b>
<b>AANBIEDING</b>	Baie goed beplan en gestruktureer. Goeie sintese van inligting. Goed gebalanseerde argument is ontwikkel. Argument deurgaans volgehou en verdedig.	Goed beplan en gestruktureer. Sintese van inligting. Goed gebalanseerde oorspronklike, onafhanklike argument ontwikkel. Gebruik getuienis om die argument te ondersteun.	Goed beplan en gestruktureer. Ontwikkel duidelike argument. Oorspronklike slotsom bereik op grond van getuienis. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Kom tot onafhanklike slotsom. Gebruik getuienis om gevolgtrekking te ondersteun.	Argument beplan en gestruktureer. Getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom op grond van getuienis Skryfwerk gestruktureerd	Argument beplan en gestruktureer. Sommige getuienis gebruik om argument te ondersteun. Slotsom nie duidelik ondersteun deur getuienis nie.	Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend/poging om argument te ontwikkel.	Min sprake van analise en geskiedkundige verduideliking. Antwoord glad nie gestruktureerd nie.
<b>INHOUD</b>							
<b>VLAK 7</b> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudseleksie ten volle relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is.	27-30	24-26					
<b>VLAK 6</b> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot gedagterigting/argument wat gevolg is	24-26	23	21-22				
<b>VLAK 5</b> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant.		21-22	20	18-19			
<b>VLAK 4</b> Vraag herkenbaar in antwoord. Gebreke ten opsigte van inhoud/irrelevante inhoudseleksie.			18-19	17	15-16		
<b>VLAK 3</b> Inhoudseleksie hou nie altyd verband met die vraag nie. Weglatings.				15-16	14	12-13	
<b>VLAK 2</b> Inhoud skraal. Vraag ontoereikend beantwoord.					12-13	11	9-10
<b>VLAK 1</b> Vraag nie beantwoord nie. Inhoud ontoereikend. Heeltemal irrelevant.						9-10	0-8

**GRAAD 12 HOLISTIESE RUBRIEK OM UITGEBREIDE SKRYFWERK TE ASSESSEER (BV. 'N OPSTEL WAT VERWYS NA BRONNE, VERSLAG, NUUSBERIG, ENS.)**

<b>VLAK</b>	<b>Indien die kandidaat alle of die meeste van die vaardighede op 'n spesifieke vlak gedemonstreer het, sal die punt relevant tot die kategorie aan hom/haar toegeken word.</b>
<b>7</b> <b>Uitstekend</b> <b>80 – 100%</b> <b>24 – 30</b>  <b>[Uitstekend]</b>	Fokus deurgaans op onderwerp – demonstreer 'n logiese en samehangende progressie tot slotsom Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Groepeer bronne (nie noodsaaklik nie, maar behoort nie 'n lys bronne neer te skryf nie) Demonstreer agtergrondkennis oor die bronne Waar van pas, word teenargumente volledig bespreek Verwys korrek na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperkings van bronne Druk hom-/haarself duidelik uit Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom)
<b>6</b> <b>Verdienstelik</b> <b>70 – 79%</b> <b>21 – 23</b>  <b>[Baie goed]</b>	Wend goeie poging aan om konsekwent te fokus op onderwerp, maar argument verloor soms fokus Duidelike begrip van die bronne Gebruik alle bronne of die meeste daarvan Selekteer relevante bronne Haal selektief aan Goeie gebruik van relevante bewyse uit bronne Poog om teen-argument te oorweeg Poog om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Goeie uitdrukking Eindig met duidelike fokus op die onderwerp – neem standpunt in (m.a.w. bereik 'n onafhanklike/ oorspronklike slotsom)
<b>5</b> <b>Substantief</b> <b>60 – 69%</b> <b>18 – 20</b>  <b>[Goed]</b>	Poog om te fokus op die onderwerp, maar argument het tekortkominge Begryp die meeste van die bronne Gebruik die meeste van die bronne Selekteer relevante bronne Uitdrukking goed, maar daar is foute Tekort aan diepte in oorhoofse fokus, en verwys nie na een of meer relevante bronne nie As toepaslik, poog om teenargument te oorweeg. Oppervlakkig of geen poging om 'n relevansie, vooroordeel, akkuraatheid, beperktheid van bronne te verwys nie Poog om standpunt in te neem (fokus op beperkings, ens.) om onafhanklike gevolgtrekking te maak.
<b>4</b> <b>Gemiddeld</b> <b>50 – 59%</b> <b>15 – 17</b>  <b>[Bevredigend]</b>	Poog om op onderwerp te fokus, maar argument verloor dikwels fokus Gemiddelde begrip van die meeste van die bronne Gemiddelde gebruik van relevante getuienis uit die bronne Gemiddelde poging om teenargument te oorweeg Gemiddelde poging om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne Uitdrukking bevredigend Wend poging aan om standpunt in te neem, maar ernstige gebrek aan skakel met res van opstel Skryfwerk mag neig om bronne te lys en fokus daaraan te haak
<b>3</b> <b>Toereikend</b> <b>40 – 49%</b> <b>12 – 14</b>  <b>[Redelik]</b>	Geringe poging om te fokus op die onderwerp Min begrip van die bronne Sukkel om relevante inligting uit die bronne te lig Geen aanhalings nie – of oor die algemeen irrelevant Wend geringe poging aan om teenargumente te oorweeg Bronne word gelys Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Geringe uitdrukking Geringe poging om standpunt in te neem (sukkel om tot 'n onafhanklike slotsom te kom)
<b>2</b> <b>Elementêr</b> <b>30 – 39%</b> <b>09 – 11</b>  <b>[Swak]</b>	Kan nie op onderwerp fokus nie Kan nie relevante bronne identifiseer nie Geen aanhalings nie – of meestal irrelevant Poog glad nie om teenargument te oorweeg nie Skryfwerk bloot 'n lys van bronne Poog nie om te verwys na relevansie, vooroordeel, akkuraatheid en beperkings van bronne nie Baie swak uitdrukking Swak poging om standpunt in te neem, indien enige
<b>1</b> <b>Nie behaal nie</b> <b>0 – 29%</b> <b>0 – 8</b>  <b>[Baie swak]</b>	Geen poging om op die onderwerp te fokus nie Maak glad nie gebruik van bronne nie Heeltemal irrelevant Skryf bron direk oor Antwoord uiters swak

**VRAAG 1: HOE HET BERLYN DIE MIDDELPUNT VAN DIE OOS-WES-KONFLIK IN EUROPA GEWORD?**

## 1.1

1.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Na die Tweede Wêreldoorlog het die Geallieerde Moondhede besluit om Duitsland te verdeel
- Want Berlyn, die hoofstad van Duitsland, het in die Russiese sone geval.
- Berlyn is ook in vier sones verdeel
- VSA, Brittanje en Frankryk het Wes-Berlyn beset
- Rusland het Oos-Berlyn beset en verhoed Oos-Berlyners om na Wes-Berlyn oor te stap
- Jalta/Potsdam konferensie besluit om Berlyn te verdeel

(any 2 x 2) (4)

1.1.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- VSA – Demokrasie en kapitalisme
- Sowjet-Rusland – Kommunisme/staatsbeheer/sosialisme/totalitarisme

(2 x 2) (4)

1.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V3 – LU1 (AS3); LU (AS2); LU3 (AS2)]*

- Beter lewenstandaard
- Werkseleenthede
- Vrye ekonomiese en politieke stelsel
- Meer vryheid
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 1) (2)

1.1.4 *[Onttrekking en interpretasie uit Bron 1A – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Groot aantal mense ontsnap na die Weste
- Oorloperij het ekonomie onder druk geplaas/behou vaardighede
- Oorloperij het die kredietwaardigheid van Oos-Duitsland skade berokken
- Om hul mag te handhaaf
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 1) (2)

1.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V3 – LU1 (AS3) ; LU3 (AS2)]*

- Gedwonge skeiding
- Militêre teenwoordigheid – monitor beweging van mense
- Draadheining verhoed dat mense ontsnap
- Betonmuur – geen vryheid van beweging
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 1) (2)

1.1.6 *[Evaluasie en interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS3)]*

**Hierdie bron is bruikbaar omdat:**

**BRUIKBAAR**

- Inligting oor Koue Oorlog/Berlyn feitlik en relevant
- Beskrywing ondersteun deur foto
- Berlyn middelpunt van Koue Oorlog-spanning tussen VSA en Sowjet-Rusland
- Verduidelik hoekom Sowjet-Rusland besluit het om die Berlynse Muur te bou
- Bewyse vir die bou van die Berlynse Muur
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.2

1.2.1 *[Onttrekking uit Bron 1B – V1 – LU1 (AS3)]*

- Noffke het sy familieledede in Wes-Berlyn besoek
- Oos-Duitse amptenare het toegang tot Oos-Berlyn verhoed deur polisie met masjiengewere op die grens te plaas
- Begin met die bou van die Berlynse Muur
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.2.2 *[Interpretasie en evaluasie om tot 'n gevolgtrekking te kom uit Bron 1B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

**GEREGVERDIG**

- Hy wou nie van sy familie geskei gewees het nie
- Beter lewenstandaarde in Wes-Berlyn
- Voordele van kapitalisme in Wes-Berlyn
- Familie het in Wes-Berlyn gewoon
- Meer vryheid in Wes-Berlyn
- Dit was sy enigste keuse
- Enige ander relevante antwoord

**NIE GEREGVERDIG**

- Hy moes die gevolge van sy aksies besef het
- Dit was gevaarlik om sulke aksies te neem
- Roekelose besluit in die lig van militêre nagevolge (enige 1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie uit Bron 1B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS3)]*

- Wreed en onmenslik/berug
- Vasberade om opposisie uit te wis
- Goed georganiseerd en goed ingelig
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

1.2.4 *[Interpretasie en analise van inligting uit Bron 1B – V3 – LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- Onmenslike behandeling
- Ontsnapping regverdig nie om doodgemaak te word nie
- Familie behoort nie deur geweld geskei word nie
- Skending van menseregte
- Ontsnapping beteken nie dat hy van anti-staat uitdaging aangekla moet word nie
- Toon geen simpatie vir mense se lot nie

(enige 1 x 3) (3)

1.2.5 *[Interpretasie en analise van inligting uit Bron 1B – V2 – LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- Wreedheid van die polisie/intimidasie
- Vrees/geweld
- indoktrinasie
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.2.6 *[Interpretasie van bronne om betroubaarheid vas te stel – V3 -LU1 (AS3); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

**Kandidate kan noem dat die bron betroubaar of nie betroubaar is en hul antwoord motiveer:**

**BETROUBAAR**

- Dit toon wat gebeur met mense wat probeer ontsnap
- Ontbloot die wrede dade deur Oos-Duitse polisie gepleeg
- Enige ander relevante antwoord

**NIE BETROUBAAR**

- Bevooroordeel/eensydig
- Anti-Kommunistiese propaganda
- Bron gneem vanaf 'n webtuiste
- Enige ander relevante antwoord

(2 x 2) (4)

1.3

1.3.1 *[Onttrekking uit Bron 1C – V1 – LU1 (AS3)]*

- Ontvang geld (buitelandse valuta)
- Besoekers (toeriste)

(enige 1 x 2) (2)

1.3.2 *[Interpretasie van Bron 1C – L2 – LU1 (AS3); LO2 (AS3)]*

**Kandidate kan noem dat die bron voordelig of nie voordelig is en hul antwoord motiveer:**

**VOORDELIG**

- Uittog van mense uit Oos-Duitsland gekeer
- Beheer oor Oos-Duitsland herbevestig

**NIE VOORDELIG**

- Koue Oorlog spanning verhoog
- Kommunisties ideologie onder verdenking plaas
- Poging tot propaganda
- Oos-Duitsland van menseregteskending gekritiseer
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.3.3 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 1C – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Vrees dat kommunistiese ideologie verspei word
- Polisie wreedheid
- Militêre teenwoordigheid
- Enige ander relevante antwoord

(enige 1 x 2) (2)

1.4 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne-  
V3 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Vryheid van keuse ontnem
- Vryheid van beweging beperk
- Geskei van families
- Beperk werksgeleenthede
- Mense wat oorloop geskiet of in die tronk gestop
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op elementêre wyse, bv. <b>toon min of geen begrip van hoe die Berlynse Muur gewone Duitse burgers van hulle menseregte ontnem het nie</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>PUNTE: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip van hoe gewone Duitse burgers van hulle menseregte ontnem is</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier</li> </ul>	<b>PUNTE: 3 – 4</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>demonstreer 'n deeglike begrip van hoe gewone Duitse burgers van hulle menseregte ontnem is</b></li> <li>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>PUNTE: 5 – 6</b>

(6)

## 1.5 UITGEBREIDE SKRYFWERK

1.5.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe Berlyn die middelpunt van Oos-Wes-konflik in Europa geword het.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet op die verdeling van Berlyn fokus en verduidelik hoe Berlyn die middelpunt van Oos-Wes-konflik in Europa geword het.

### UITBREIDING

- Redes vir spanning tussen die VSA en USSR
  - Verdeling van Berlyn - Wes-Berlyn vooruitstrewend (Marshall-plan) /Oos-Berlyn– armoede
  - Berlynse Blokkade en Berlynse Lugbrug
  - Ontstaan van twee Duitslande
  - Ekonomiese krisis
  - Bou van die Berlynse Muur
  - Die Berlyn simbool van spanning
  - Enige ander relevante antwoord
- Samevatting: Kandidate moet argument saamvat en bewys hoe die soeke na invloed en beheer tot die Koue Oorlog-spanning bygedra het.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

- 1.5.2 *[Sinitetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer- gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

Die verslag moet 'n inleiding, hoofgedagtes en samevatting insluit.

In hulle verslag moet kandidate na Berlyn as die middelpunt van die Koue Oorlog verwys en ook die gevolge daarvan noem. Kandidate moet beklemtoon hoekom Berlyn 'n nagmerrie vir die mense van Duitsland geword het.

### HOOFASPEKTE

Inleiding: Kandidate moet verduidelik of hulle saamstem of nie saamstem nie dat Berlyn 'n nagmerrie geword het en hulle standpunt met relevante inligting ondersteun.

### UITBREIDING

Die volgende punte moet gebruik word om te verduidelik hoekom Berlyn 'n nagmerrie geword het:

- Berlyn binne die Sowjet-sone
  - Verdeling van Berlyn
  - Wes-Berlyn – vooruitstrewend – demokraties en kapitalisties
  - Oos-Berlyn – arm – Kommunistiese beheer
  - Oorloperie – vernedering
  - Wreedheid van die polisie
  - Bou van die Berlynse Muur
  - Skending van menseregte
  - Koue oorlog spanning verhoog
  - Redes vir die spanning tussen VSA en USSR
  - Enige ander relevante antwoord
- Samevatting: Kandidate moet hulle verslag saamvat. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesseeer.**

**[75]**

## VRAAG 2: HOE HET DIE UITDAGINGS NA ONAFHANKLIKHEID GHANA SE TOEKOMS VAN HOOP NA WANHOOP VERANDER?

### 2.1

#### 2.1.1 [*Onttrek bewyse uit Bron 2A – V1 – LU1 (AS3)*]

- Kleurvolle seremonies
- Hooggeplaaste buitelanders het die onafhanklikheidsvieringe bygewoon
- Vreugde/hoop/optimisme
- Vreedsaam
- Enige ander relevante antwoord

(enige 2 x 1) (2)

#### 2.1.2 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU2 (AS2)*]

- Ghana (Goue Kus) onafhanklike staat in die Gemenebes – gelyke vennoot saam met Brittanje: nie meer onderhewig aan die Statebond (oorheersing) nie
- Voormalige Britse kolonie nou onafhanklike staat is Ghana lidmaatskap van die Gemenebes van Nasies aangebied

(enige 2 x 1) (2)

#### 2.1.3 [*Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V3 – LU1 (AS3)*]

***Kandidate kan geskik of nie geskik kies maar moet hulle antwoord motiveer***

##### **NIE GESKIK**

- Ghana se onafhanklikheid orderlike proses
- Kleurvolle seremonies en buitelandse hooggeplaastes teenwoordig – geen militêre parades
- Vreedsame oorgang van koloniale beheer tot onafhanklikheid
- Enige ander relevante antwoord

##### **GESKIK**

- Voor onafhanklikheid baie geweld en bloedvergieting
- Nkrumah in die tronk weens sy politieke siening
- Daar was 'n totale verandering in regering
- Enige ander relevante antwoord

(enige1 x 2) (2)

#### 2.1.4 [*Onttrekking en interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2 – LU1 – (AS3)*]

- Baie potensiaal, bv. minerale
- Kakao uitvoerproduk
- Goudreserwes
- Volta Rivier-projek verskaf werk/Hidro-ë-elektrisiteit
- Oorvloed van bronne
- Besproeiing
- Infrastruktuur ontwikkel

(enige 2 x 2) (4)

## 2.2

2.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2B – V1 – LU1 (AS3)]*

- Bruto binnelandse produk per kapita het geval
- Produksie daal in alle hoofsektore
- Bankrotskap
- Openbare dienste ineengestort (enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 2B – V1 – LU2 (AS1)]*

- Korruptsie/misdaad
- Swak politieke leierskap: onenigheid en interne magstryd
- Afname in ekonomiese produksie/swartmark
- Uittog van opgeleide personeel
- Openbare dienste ineengestort
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 1) (2)

2.2.3 *[Verduidelik historiese begrip uit Bron 2B – V1 – LU2 (AS1)]*

- Swartmark: Onwettige vorm van handel
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 3) (3)

2.2.4 *[Interpretasie en analise van inligting uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2); LU3 (AS2)]*

- Ekonomiese depressie of ineenstorting
- Goedere skaars en moeilik om te bekom
- Hoë inflasie
- Geldeenheid het geen waarde
- Regering verloor beheer oor ekonomie
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 2B – V2 – LU1 (AS3); LU2 (AS2)]*

- Nie genoeg onderwysers in die skole nie
- Daling in onderwysstandaarde het negatiewe impak op toekomstige ontwikkeling
- Skoliere toekomstige leiers
- Geen vaardigheidsontwikkeling
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.3. *[Vergelyk Bronne 2A en 2B – V3 – LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Bron 2A: Opgewonde en optimisties oor die toekoms. Ghana het die potensiaal om 'n sterk land te word.
- Bron 2B: Wanhoop- arm land. Ondergang van die ekonomie en die swartmark floreer ekonomiese realiteit na 20 jaar van onafhanklikheid
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

## 2.4

2.4.1 *[Interpretasie en verduideliking van spotprent – Bron 2C – V2 – LU1 (AS3 en 4); LU3 (AS2)]*

- Positief oor toekoms
- Nuutste onafhanklike staat in Afrika – verwagtinge van groei en ontwikkeling
- Verwagtinge dat ander lande in Afrika ook onafhanklik sal word
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.4.2 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 2C– V3– LU2 (AS2;LU3 (AS2))]*

**Dit is geskik omdat:**

**GESKIK**

- Geboorte simboliseer hoop vir die toekoms
- Nuwe staat tot Afrika se voordeel
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.4.3 *[Interpretasie en verduideliking van bewyse uit Bron 2C – V3 – LU3 (AS3)]*

- Geen verwysing na uitdagings, slegs verwysing na geboorte van nuwe staat en dit hou beloftes vir die toekoms in
- Lewendige baba verwys na gesonde suksesvolle staat
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyk Bron 2A en 2B om te wys hoe hulle mekaar aanvul- V3 – LU (AS3)]*

- Beide bronne positief oor Ghana se toekoms
- Beide bronne glo dat Ghana voordelig vir Afrika sal wees
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne – V3 – LU1 (AS 3 en 4), LU2 (AS1,2,3) LU3 (AS 1,2,3,4)]*

Kandidate moet op die volgende aspekte let:

- Hartseer en ontnugter
- Teleurgesteld
- Toegewyde onderwyser wat 'n verskil probeer maak het
- Ghana se ondergang maak dit moeilik om met die onderwys aan te gaan
- Onseker of hy die regte besluit maak
- Onseker oor toekoms
- Benodig standvastigheid om na sy familie om te sien
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. <b>toon min of geen begrip van gevoelens (toestande) hoekom die persoon Ghana verlaat</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie</li> </ul>	<b>PUNTE: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip van gevoelens (toestande) hoekom die persoon Ghana verlaat</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier</li> </ul>	<b>PUNTE: 3 – 4</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>demonstreer 'n deeglike begrip van gevoelens (toestande) hoekom die persoon Ghana verlaat</b></li> <li>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	<b>PUNTE: 5 – 6</b>

(6)

## 2.7.1 UITGEBREIDE SKRYFWERK

2.7.1 *[[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse. Gebruik analitiese en interpretasievaardighede - V1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU AS1, 2, 3 en 4]*

### SINOPSIS

Kandidate moet die uitdagings wat Ghana na onafhanklikheid moes oorkom, bespreek.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet die maatskaplike ekonomiese en politieke uitdagings wat Ghana na onafhanklikheid moes oorkom, bespreek.

### UITBREIDING

- Maatskaplike uitdagings [gesondheidsdienste; onderwys;armoede; ens]
- Politieke uitdagings [nasiebou; korrupsie; afwesigheid van goeie regering ens]
- Ekonomiese uitdagings [korrupsie; afname in produksie; ineenstorting van openbare dienste; ontwrigting van vervoerstelsel; ens]
- Enige ander relevante antwoord
- Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

2.7.2 *[[Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer- gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun – V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

## SINOPSIS

Kandidate moet 'n verslag skryf waarin hulle verduidelik hoekom Ghana se toekoms na onafhanklikheid van hoop na wanhoop verander het.

## HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

Inleiding: Kandidate moet verduidelik hoekom Ghana se toekoms na onafhanklikheid van hoop tot wanhoop verander het.

## UITBREIDING

- Wanbestuur
  - Vreemde politieke stelsel – bv. demokrasie
  - Afname in bruto binnelandse produk
  - Steun swaar op een uitvoerproduk – daling in wêreldpryse
  - Afname in geldeenheid
  - Korrupsie
  - Agteruitgang van onderwys - onderwysers verlaat die beroep
  - Toename in misdaad
  - Verval van publieke dienste
  - Vervoer in swak toestand
  - Lae salarisse
  - Hoë inflasie
  - Enige ander relevante antwoord
- Samevatting: Kandidate moet argument met relevante samevatting afsluit.

(30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

**[75]**

**VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960'S VERANDERING BEÏNVLOED?**

3.1

3.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Rasse diskriminasie teen Afro-Amerikaners
- Herstel van die reg om te kan stem (enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Verduidelik begrippe – V1 – LU2 (AS1)]*

- (a) Oorheersing van een groep oor 'n ander
- (b) Universele reg om te stem (2 x 2) (4)

3.1.3 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU2 (AS2)]*

- Suidelike State geïdentifiseer omdat hulle nog segregasie toepas
- Groot konsentrasie van swart bevolking
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V3 – LU2 (AS2)]*

- Swart Mag het die doelstellings van die Burgerregtebeweging aangevul om die volgende in te sluit: rassewaardigheid, ekonomiese en politieke selfvoorsiening (1 x 2) (2)

3.1.5 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 3A – V3 – LU3 – (AS2 en 3)]*

- Die stryd moes aspekte soos fundamentele regte van vryheid, respek, waardigheid en ekonomiese en maatskaplike gelykheid insluit
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2

3.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Sitbetoging
- Massa-optogte (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Verduidelik begrippe – V1 – LU2 (AS1)]*

- Verset deur burgers wat die reëls en wette van die land verontagsaam
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU2 (AS2)]*

- Burgers ontevrede met die stadige pas van desegregasie deur federale en staatsregering
- Massiewe verset deur aanhangers van rassese segregasie en stemreg-  
onderdrukking
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L3 – LU2 (AS2)]*

- Plaaslike owerhede het spontaan en verskillend opgetree omdat daar geen duidelike beleid bestaan het nie
- Gelei na burgerlike ongehoorsaamheid
- Dade van burgerlike ongehoorsaamheid
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Geregtelike oorwinning in die Brown v Raad van Onderwys-saak
- Aannee van die Wet op Burgerregte 1964
- Wet op Stemreg 1965
- Wet op Burgerregte van 1968 (enige 2 x 1) (2)

3.2.6 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2 – LU2 (AS2)]***Hierdie bron is bruikbaar omdat:**

- Gebeure in die bron kan ondersteun word met betroubare bewyse
- Kan as 'n stimulus dien vir verdere navorsing
- Verskaf die redes vir die stigting van die Burgerregtebeweging
- Dit beskryf die tipe optrede en ook die prestasies van die Burgerregtebeweging (enige 2 x 2) (4)

## 3.3

3.3.1 *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3- (AS2)]*

- Leiers van die gemeenskap neem aan 'n vreedsame optog deel
- Leiers kom goed geklee en respektabel voor
- Swart en wit leiers tree as 'n eenheid op
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1 – LU1 (AS3)]*

- Stemreg
- Werk vir almal
- Einde van segregasie in skole (enige 3 x 1) (3)

3.3.3 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3 (AS2)]*

- Vorige optogte het in verskillende state plaasgevind – hierdie was die eerste keer dat hulle na die hoofstad gegaan het
- Ongeregtigheid na die hoofstad gebring – probleme op nasionale vlak hanteer
- Dit toon dat wit en swart kan saam lewe
- Die bekende 'Ek het 'n droom', toespraak is gelewer
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.4. *[Verduideliking en interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V3 – LU3- (AS2)]*

- Bron 3C komplimenteer Bron 3B deurdat beide na vreedsame betogers verwys
- Bron 3C komplimenteer Bron 3B deurdat beide na die krisis van burgerlike ongehoorsaamheid verwys
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.5 [Interpretasie, analise en sintese van bewyse uit alle bronne - V3- LU1  
(AS 3 en 4), LU2 (AS1, 2, 3) LU3 (AS 1, 2, 3, 4)]

Kandidate moet op die volgende aspekte let:

- Verenigde en sterk ingestelde aksie
- Oorspronklike doel was om segregasie af te skaf
- Swart Mag het hulp verleen deur die eise te verskerp
- Burgerlike ongehoorsaamheid d.m.v.geweldlose verset het die inhoud van verset verander
- Suksesse in sommige state het die burgerregtebeweging aangemoedig om voort te gaan met eise vir die stemreg
- Geregtelike oorwinning het aan die Burgerregtebeweging stukrag verleen
- Burgerregte Wet van 1964 en 1968 het die oorwinning van die Burgerregtebeweging verseker
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

VLAK 1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. <b>toon min of geen begrip van hoekom die Burgerregtebeweging in Amerika doeltreffend was nie</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om oor onderwerp te skryf of kan glad nie oor onderwerp skryf nie</li> </ul>	PUNTE: 0 – 2
VLAK 2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. <b>toon begrip van hoekom die Burgerregtebeweging doeltreffend was</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier</li> </ul>	PUNTE: 3 – 4
VLAK 3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse bv. <b>demonstreer 'n deeglike begrip van hoekom die Burgerregtebeweging doeltreffend was</b></li> <li>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp.</li> </ul>	PUNTE: 5 – 6

### 3.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

3.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse- gebruik analitiese en interpretasievaardighede – V1 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

#### SINOPSIS

Kandidate moet kortliks die veranderinge wat deur die Burgerregtebeweging in die Verenigde State van Amerika in die 1960's beïnvloed is, bespreek.

#### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet die prosesse wat die Burgerregtebeweging in sy stryd gebruik het, bespreek.

#### UITBREIDING

- Kort agtergrond vir die redes vir die Burgerregtebeweging
  - Eise vir die opheffing van rassediskriminasie
  - Segregasie in publieke skole
  - Verbanning van diskriminasie in die werksplek en publieke verblyf
  - Herstel van stemreg
  - Waardigheid en respek herstel
  - Enige ander relevante antwoord
- 
- Samevatting: Kandidate moet hulle argument saamvat deur te verwys na die suksesse van die Burgerregtebeweging en aandui hoe dit verandering in die Verenigde State van Amerika gebring het. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

- 3.6.2 *[Sinitetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer – gebruik inligting uit die bronne en jou eie kennis om jou argument te ondersteun - V2 – LU1 (AS 3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

In hulle verslag moet kandidate klem lê op die rol wat die Burgerregtebeweging gespeel het in die verkryging van gelyke regte vir Afro-Amerikaners

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

- Inleiding: Kandidate moet 'n kort agtergrond gee van die aktiwiteite van die Burgerregtebeweging.

### UITBREIDING

- Verbintenis tot die einde van segregasie en rassediskriminasie
- Invloed van Swart Magbeweging-rassewaardigheid, ekonomiese en politieke selfvoorsiening
- Southern Freedom beweging – fundamentele kwessies
- Aannee van die Burgerregte Wet van 1964
- Geregtelike oorwinning in die Brown v Board of education
- Burgerregte Wet van 1968 – verbod op diskriminasie by die koop of huur van huise
- Enige ander relevante antwoord
- Samevatting: Kandidate moet hulle argument saamvoeg met relevante samevatting

(30)

[75]

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.**

**QUESTION 4: HOE HET STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING GEPOOG OM VERANDERING IN SUID-AFRIKA TE BEÏNVLOED?**4.1.1 *[Verduidelik begrip – V1 – LU2 (AS1)]*

- Swart Bewussyn was 'n beweging/filosofie wat ten doel gehad om swart mense bewus te maak van hulle politieke, kulturele en ekonomiese regte
- Swart mense moet trots wees op hulself en poog om selfstandig te wees (1 x 3) (3)

4.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4A – V2 – LU1 (AS3)]*

- Kultuur verloor
- Oorsprong verloor
- Waardes en tradisies verloor
- Toegegee aan die wit man se eise en behoeftes
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.1.3 *[Interpretasie uit bron om betroubaarheid te bepaal – V3 -LU1 (AS3 en 4)]***Hierdie bron is betroubaar omdat:****BETROUBAAR**

- Geskrywe deur verdienstelike student
- Dit wys op die oneer wat swart mense aangedoen is
- Gee advies en maak voorstelle vir die toekoms van swart mense
- Beklemtoon die euwels van apartheid
- Biko se eie woorde
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

## 4.2

4.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 4B – V1 – LU1 (AS3)]*

- Voorsiening gemaak vir alternatiewe strukture
- Einde gebring aan afhanklikheid van blankes
- Swart mense het ander swart mense gehelp (enige 1 x 2) (2)

4.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Swart mense help mekaar sonder enige bystand van blankes
- Swart mense nie langer afhanklik van blankes, moet selfstandig word
- D.m.v die program kon swart mense die boeie van onderwerpenheid afgooi
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- As bedreiging gesien
- BCM-beweging gevaarlik
- Gepoog om die mag van BCM-beweging te ondermyn
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.2.4 [Interpretasie van bewyse uit Bron 4B – V3 – LU1 (AS3);  
LU2 (AS3); LU3 (AS2)]

**Kandidate kan suksesvol of nie suksesvol noem en moet motiveer:**

**SUKSESVOL** omdat:

- Gebruik verskeidenheid programme om die mense te bereik
- Beplande verset
- Swartmense het vertroue in hulself gekry

**NIE SUKSEVOL** omdat:

- Uitgewis deur sekuriteitspolisie
- 123 sleutellede verban en na verafgeleë distrikte beperk
- Organisasies verban
- BCM onderdruk en leiers verban of in die tronk
- Leiers in hegtenis geneem
- Maatskaplike programme ontbind (enige 1 x 2) (2)

4.3

4.3.1 [Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4C – L3 – LU2 (AS2); LU2 (AS3);  
LU3 (AS2)]

- Dit beeld die filosofie van Swart Bewussyn uit – swart en trots
- Dit is moeilik om die idee van Swart Bewussyn dood te maak
- Enige ander gepaste antwoord (enige 1 x 3) (3)

4.3.2 [Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4C – L2 –  
LU2 (AS2); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]

- Die filosofie van Steve Biko sal altyd voortleef
- Die apartheidsregering kon nie die filosofie van Swart Bewussyn doodmaak nie
- Alhoewel Biko dood is, leef sy filosofie steeds voort
- Biko se idees sal onsterflik bly (enige 1 x 3) (3)

4.3.3 [Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4C – L2 –  
LU2 (AS2); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]

- Dat die kinders van vandag sy filosofie sal laat voortleef
- Sy filosofie was op die kinders/jeug gemik
- Enige ander gepaste antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.3.4 [Bestudeer Bron 4C om gepastheid te bepaal – L2 – LU1 (AS3);  
LU3 – (AS2 en 3)]

- Dit beeld die filosofie van Swart Bewussyn uit
- Dit bring hulde aan Steve Biko
- Alhoewel Biko dood is, leef sy filosofie steeds voort
- Enige ander gepaste antwoord (enige 2 x 2) (4)

## 4.4

4.4.1 *[Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4D – L3 – LU2 (AS2); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Hy het 'n bydrae gelewer tot sy persoonlike intellektuele en politieke ontwikkeling
- Hy het nog nooit so 'n welsprekende swart persoon gehoor nie
- Hy het 'n persoonlike opoffering gemaak
- Oortuig van die behoefte aan persoonlike opofferinge
- Gee nuwe insae hoe swartmense apartheid ervaar het (enige 2 x 1) (2)

4.4.2 *[Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4D – L2 – LU2 (AS2); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- 'n Skamele protes gaan nie die probleem aanspreek nie/wittes doen nie genoeg om apartheid te beveg nie
- Sterker druk was nodig om die owerhede te dwing om hulle beleid te verander
- Sonder werklike aksie sou die owerhede nie kennis neem van hulle nie
- Wittes het nie die lyding van swartes verstaan nie
- Enige ander gepaste antwoord (enige 2 x 2) (4)

4.4.3 *[Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4D – L2 – LU2 (AS2); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Hy het nog nooit so 'n welsprekende swart persoon gehoor nie
- Hy is nooit gevra om 'n persoonlike opoffering te maak nie
- Dit het hom laat besef hoe onmenslik die apartheidstelsel is
- Hy het nooit verwag dat Biko so 'n kragtige standpunt sal inneem nie (enige 2 x 1) (2)

4.4.4 *[Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4D – L2 – LU2 (AS2); LU2 (AS3); LU3 (AS2)]*

- Respek
- Bewondering
- Inspirasie
- Enige ander gepaste antwoord (enige 1 x 2) (2)

4.5 [Interpreteer en evalueer inligting uit Bron 4A, 4B, 4C en 4D – L2 – LO2 (AS2); LO2 (AS3); LO3 (AS2)]

Kandidate kan óf Bron 4A óf Bron 4B óf Bron 4D kies en hul standpunt met gepaste bewyse ondersteun.

**BRON 4A ondersteun BRON 4C due beste omdat dit die volgende uitlig:**

- Die rede waarom mense introspeksie moet doen
- Die rede om Swart Bewussyn aan te neem

**BRON 4B ondersteun BRON 4C die beste omdat dit die volgende uitlig:**

- Swart Bewussyn het wit mag uitgedaag
- Die rol van die Swartgemeenskapsprogramme – sinoniem met SBB
- Die suksesse van die Swartgemeenskapsprogramme – sinoniem met SBB
- Die uitdagings wat Swartgemeenskapsprogramme in die gesig staar – sinoniem met SBB

**BRON 4D ondersteun BRON 4C die beste omdat dit die volgende uitlig:**

- Die bydrae wat Biko gelewer het
- Die uitdagings wat Biko aan NUSAS gestel het
- Sy nalatenskap
- Die invloed wat hy op mense gehad het
- Enige ander gepaste antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

<b>VLAK 1</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik bewyse op 'n elementêre manier, bv. <b>Toon geen of min begrip van hoekom die bronne (A, B of D) Bron C ondersteun</b></li> <li>• Gebruik bewyse gedeeltelik om verslag te doen oor onderwerp, of kan nie oor onderwerp verslag doen nie</li> </ul>	<b>Punte: 0 – 2</b>
<b>VLAK 2</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bewyse is meestal relevant en hou grootliks verband met die onderwerp deur <b>redelike begrip te toon van hoe die bronne (A, B of D) Bron C ondersteun</b></li> <li>• Gebruik bewyse op 'n baie basiese manier</li> </ul>	<b>Punte: 3 – 4</b>
<b>VLAK 3</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gebruik relevante bewyse <b>wat 'n deeglike begrip toon van hoekom die bronne (A, B of D) Bron C ondersteun</b></li> <li>• Bewyse pas goed by die onderwerp</li> <li>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat 'n begrip van die onderwerp toon</li> </ul>	<b>Punte: 5 – 6</b>

(6)  
[45]

## 4.6 UITGEBREIDE SKRYFWERK

4.6.1 *[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur analitiese en interpretasievaardighede te gebruik - L1 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3(AS1, 2, 3 en 4)]*

### SINOPSIS

Kandidate moet bespreek hoe belangrik Steve Biko en die Swart Bewussynsbeweging in die vryheidstryd in Suid-Afrika in die 1970's was.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet Biko se bydrae tot die vryheidstryd bespreek.

### UITBREIDING

- Definisie van Swart Bewussyn
  - Die mag en belangrikheid van die Swartbewussynkonsep en -beweging
  - Biko se filosofie van Swart Bewussyn
  - Swart mense kan trots wees op hulle erfenis
  - Swart mense moet hulself laat geld en dinge vir hulself doen
  - Uitwissing van beide minderwaardigheid- en meerderwaardigheidskompleks
  - Die rol van kolonialisme in swart onderdrukking
  - Polisie se reaksie op Biko en die Swart Bewussyn
  - Soweto 1976 en daarna (1994)
  - Enige ander gepaste antwoord
- 
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument afsluit met 'n gepaste gevolgtrekking oor waarom Biko en die Swartbewussynsbeweging belangrik was. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 6 in hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk na te sien.**

- 4.6.2 [Sintetiseer inligting om 'n oorspronklike argument te konstrueer deur bewyse uit die bronne en eie kennis te gebruik om die argument te ondersteun – L2 – LU1 (AS3 en 4); LU2 (AS1, 2 en 3); LU3 (AS1, 2, 3 en 4)]

### SINOPSIS

Kandidate se verslag moet fokus op waarom Steve Biko en die Swartbewussynsbeweging belangrik was in die politieke geskiedenis van Suid-Afrika.

### HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte by hul antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet fokus op waarom die Swartbewussynsbeweging en Biko belangrik was.

### UITBREIDING

- Die rol en invloed van Biko se filosofie, SBB en die invloed van SASM op die jeug van Suid-Afrika
- Gee 'n oorsig oor die verskeie faktore wat die politieke denke van die jeug in die 1970's verander het, byvoorbeeld om die jeug van die volgende bewus te maak:
  - Swart waardigheid en selfagting
  - Swak lewenstandaarde en stygende werkloosheid
  - Stygende olieprys in 1973 het tot 'n verhoging in inflasie gelei
  - Hoër pryse van basiese voedselitems
- Soweto en ander townships was oorbevolk met min dienste
- Implementering en toepassing van die paswette het die lewe moeilik gemaak vir swart Suid-Afrikaners
- Die rol van NUSAS
- Afrika-vakunies is verbied om protesaksies te hou
- Afrikaans is verpligtend gemaak – wye teenstand
- Die rol en impak van die Soweto Studente Verteenwoordigende Raad
- Enige ander gepaste antwoord
- Gevolgtrekking: Kandidate moet hul argument met 'n gepaste gevolgtrekking afsluit. (30)

**Gebruik die matriks op bladsy 7 van hierdie dokument om hierdie uitgebreide skryfwerk te assesser.** [75]

**TOTAAL: 150**